Die Teken Van Die Tyd

 Laat ons bly staan as julle sal, net ’n oomblik vir gebed.

2 Here, ons dank U vir U goedheid en genade, vir alles wat U vir ons gedoen het, ons is dankbaar teenoor U, en ontvang ons danksegging. En ons bid, God, dat iets gedoen sal word in hierdie volgende twee aande wat die fondament sal lê van ’n groot herlewing om deur hierdie land te trek. Skenk dit, Here. Ons weet dat dit nie binne die bereik van die mensdom lê nie, slegs deur U, ons God.

3 Vertrou Here, dat ons guns en genade by U gevind het, en nou ons ore en ons oë en ons begrip oopmaak, dat ons mag weet hoe om U Gees te volg. Want ons vra dit, in Christus se Naam. Amen.

4 Sit maar. Eerstens, wil ek graag sê dat my seun my so pas vertel het dat hulle môre-aand ’n genesingsdiens beplan het, en die gebedskaartjies sou by die middagdiens wees en om sesuur by die ouditorium. Hy het vroeg gekom sodat hulle hulle kon kry, die mense kon vestig voor die diens begin het.

5 Dan wil ek sê dat wie ook al daardie broer hier is wat gister vir ons daardie vis gestuur het, ons het hulle beslis baie geniet. Die hele groep van ons het gehad ’n, ek reken julle sou dit ’n gastronomiese jubelfees noem, gisteraand omtrent elfuur, met van die beste forelle wat ek ooit in my lewe geëet het. En ek was honger omdat ek nie voor hierdie dienste eet nie, en toe was ek daarna regtig uitgehonger. En ons waardeer dit beslis, broer, ek ken nie eens jou naam nie, maar ek dank jou beslis.

6 Ek sou graag wou maak ’n . . . Wat was sy naam? Har- . . . ? Harbaugh. Ek wil graag ’n afspraak met jou maak om paar van hulle eendag te gaan vang, ja, meneer. Dit was beslis lekker, en ons waardeer. Eerste keer wat ek ooit enige rivierforel, pienk gesien het, maar dit was regtig, hulle was lekker.

7 Ons bedank julle almal. En ek het nie ’n kans gekry nie, want ek het nie geweet dat hulle dit gedoen het, totdat dit te laat was nie, nou die aand, het hulle ’n liefdesoffer vir my opgeneem, ek waardeer dit beslis; ek het probeer om my rekord skoon te hou van offerandes.

8 Ek is al sewe-en-twintig jaar in die bediening en het nog nooit in my lewe ’n offerande opgeneem nie. Ek was die pastoor van die Baptiste Tabernakel by Jeffersonville vir sewentien jaar sonder om een pennie salaris, of ’n offerande van enige soort te neem. Ek was die Staatswildbewaarder van Indiana, en ek het gewerk vir my lewe, en ek . . .

9 Geld is soort van ’n snaakse ding vir my. Ek nie . . . Dis alles reg, ons moet dit hê. En my uitgawes by die huis, dis nie veel nie,

ek—ek het my dienste op 'n plek probeer hou waar hulle nie swaar sou loop nie. Jy neem . . . As ek dit net sou laat gaan, wel, kon ek onder 'n groot verpligting gewees het. My verpligting is omtrent, wel, my kantoor is omtrent 'n, ek reken 'n honderd dollar per dag sal my regsien.

10 Wel, jy sê: "Dit klink soos 'n hele klomp, Broer Branham."

11 Wat dink julle beloop Broer Roberts elke dag? Omtrent tienduisend. Wat dink julle beloop Billy Graham? Ek het hom vyf-en-twintigduisend per uur sien bestee. So julle sien, dit kos baie geld. En ek kan nie myself so verplig nie, my bediening het dit nie nodig nie, ek wil dit net nederig hou, sodat, as die Here my na 'n kerk van vier of vyf mense sou roep, ek kon gaan.

12 En ek het pas 'n herlewing gehou in 'n kerk wat twintig kon huisves, het 'n twee-aand herlewing in 'n kerkie gehad wat twintig mense gehad het. Dit was pateties, koue weer, en die mense wat gestaan het, onder vriespunt weer, maar dit was 'n . . . maar ek het gevoel die Here het my soontoe gestuur, en daaruit het Hy 'n paar predikers opgerig.

13 So, ek wou net hê julle moet weet dat ek alles waardeer wat julle doen, ek het 'n vrou en drie kinders. En ek het 'n groot verpligting by my kantoor, want ons kry duisende briewe, julle weet hoe dit sou wees, nie net een stad nie, regoor die hele wêreld. En ons het vier fone waarmee ons kan antwoord, en dis geskat rondom veertig oproepe, langafstand oproepe per uur, vier-en-twintig uur per dag; julle kan julle voorstel hoe dit verloop.

14 En dan, stuur ek duisende en duisende klein gebedsdoekies uit om die wêreld, en—en ek is egter nie te veel tuis nie, maar ek bid oor daardie doekies. Nou, die brief wat . . . As jy een wil hê, is jy welkom daartoe, stuur net, alles is gratis. Het niks, ons het geen radioprogramme, geen televisie nie, enigste ding wat ons het, is net die Here Jesus, en Hy seën dit, want ek . . . Ons kom om julle te help. En ek wil nie julle adres hê nie, dis moeilik vir my om te betaal vir sekretaresse om briewe te beantwoord. Maar alles is . . . Jy wil een van daardie lappies hê, ons bid oor hulle en stuur hulle uit by die duisende, oor die wêreld, en julle is meer as welkom vir een, net so vinnig as wat ons dit by julle kan kry.

15 Nou, ons het altyd baiekeer gesê: "Die storms raak nooit te hard nie, en die reën val nooit te vinnig nie, en die nag sal nooit te donker word, dat ek nie na jou toe sal kom om jou te help nie." Wel, ek moet versigtig wees, om dit nou te sê, want daar's te veel. Maar ek . . . Enige tyd wat ek julle 'n guns kan bewys, of enigiets kan doen om julle te help om die lewe 'n bietjie beter, 'n bietjie soeter, te maak, dis waarvoor ek hier is, en ek sou—ek sou dit graag wou doen.

16 Nou, onthou môre-aand is afsluitingsdiens. En ek bedank beslis hierdie mense vir wat julle aan ons gedoen het. En op hierdie offer wat hulle gegee het, ek weet nog nie wat dit was

nie, hulle het my nie gesê nie, maar dit sal beslis gaan, na die beste van my wete, vir die Koninkryk van God. Sien?

17 En alles, wat ek net nie hoef te gebruik nie, elke sent wat ek in die hande kry en nie dadelik vir my onmiddellike werk gebruik nie, God weet dit gaan reguit na die sendingvelde toe, net so vinnig as wat dit kan, want ek weet ek's altyd reg, ek weet wat dit verg vir sendings, en ek . . . dis . . . ons volg algemene bevele, dan: "Gaan in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie aan elke skepsel." En ek wil beslis 'n—'n ware rentmeester wees van wat die Here gegee het. En deel van daardie geld is sommige van julle lewensonderhoud, en ek respekteer dit, net so eerbiedig en eerbaar as wat dit kan wees.

18 Ek wil vir julle sê, my vrou wat nie hier is nie, ek kan dit sê, sy kom gewoonlik agter my aan met 'n toertjie, julle weet, ek onthou een aand, op pad huis toe, een dingetjie wat ek gedoen het, dit het altyd by haar gebly, ek was besig om klere uit te trek in die kamer, en ek . . . ons het net in twee kamertjies gewoon, en ek het my uniform uitgetrek. Hulle maak groot, rooi sakdoeke, julle broers ken hulle, natuurlik. En aan die kerk toe gaan daardie aand, het ek—ek vergeet om die sakdoek op te tel wat sy op die bed neergesit het, en ek het net hierdie groot, rooi sakdoek onder in my sak gesit.

19 Ek was oorkant by die tabernakel, aan die preek, en ek—ek het soort van gesweet, en ek het my sakdoek uitgepluk om dit *so* te skud, julle weet, en . . . ? . . . Wel, het ek gesê, haar gesig baie rooi, ek het gesê: "Jy weet, ek's bang vir daardie kleintjies, ek's bevrees ek mag een insluk." So, want *kyk*.

20 En toe, eenkeer, sou ek 'n offerande opneem. En julle weet hoe arm mense raak, jy kom by 'n plek waar jy nie kan uitkom nie. Het jy al ooit daardie plek bereik? Ek kry hulle steeds. En ek het gedink: "Hoe gaan ons dit doen?" En ek het vir die vrou gesê, ek het gesê: "Ek gaan 'n offerande opneem oorkant by die kerk."

21 Sy het gesê: "Ek sal soontoe gaan en jou dit sien doen." Nou, nie dat hulle dit nie sou doen nie, sekerlik, hulle sou, hulle sou my enigiets gee wat hulle gehad het. maar ek was in staat, en sterk, en het gewerk, en twee of drie keer 'n week gepreek, so, wat daarvan? Ek kon my eie lewe maak.

22 En so het ek soontoe gegaan, en ons het nie 'n kollektebordjie of niks gehad nie. Daar was 'n ou visserman met die naam van Mnr. Wiseheart, hy was een van die diakens in die kerk. En ek het gesê: "Oom Jim, ek wil hê jy moet my hoed kry. En mense, ek wil vir julle 'n vraag vra." Ek het gesê: "Nou ons is soort van in 'n moeilike posisie, ons kan net nie uitkom nie, jy 'n tiensent of vyfsent in jou sak het, gooi dit in die hoed, help my soort van." Wel, party van hulle het gehuil.

23 En ek het rondgekyk en ek het 'n ou vrou gesien wat altyd vir my gebid het, sy het een van daardie voorskootjies gedra.

Het julle vroue hierbo ooit 'n voorskoot gedra wat 'n sak aan die binnekant het, julle weet, 'n klein, aan die binnekant van die voorskoot? Sy het afgebuk en een van daardie klein sakboekies gekry wat bo-op oopknip, daarin gereik vir daardie tiensente. O, goeiste! Ek kon dit nie doen nie. "O," het ek gesê: "ek het julle net geterg, ek het dit nie bedoel nie." En dis die naaste wat ek ooit gekom het om 'n offerande op te neem. Ek kon nie haar tiensente neem nie, ek kon dit nie doen nie.

24 Daar was 'n ou man wat van Benton Harbor af gekom het, ou Broer Ryan. Pas huis toe gegaan na die Heerlikheid. Nou nie die John Rhyn, wat genees is by Fort Wayne, blind, van waar die Joodse rabbi is nie, dit was 'n ander John Ryan.

25 Hy het op 'n fiets gery daaronder, en hy het dit vir my gegee, en dit was afvallig, o, ek sou nie sê afvallig nie, dit was net gedaan, dit—dit was net in 'n slegte toestand. En dit was daarbuite, en ek het na die tien-sent winkel toe gegaan en vir my 'n blik verf gekry, dit geverf, 'n bord daarop gesit: "Te Koop." Dit verkoop, hoef in elk geval nie die offerande op te geneem het nie. Dit was die naaste wat ek ooit gekom het daaraan om 'n offerande op te neem. Maar ek respekteer dit beslis, en die Here seën julle ryklik.

26 Nou, ons wil reguit, reguit na Sy Woord toe gaan, so laat julle dan so vroeg as moontlik uitgaan vanaand, want môre-aand verwag ons die uitermatige, oorvloedige, veral vir die siekes en beproefdes, so kry hulle môre-aand uit.

Kom ons bid.

27 Outeur van hierdie Boek en van Ewige Lewe, open vir ons die inspirasie, Here, wat saam met hierdie Woord gaan. En mag ons leer om volgens die Woord en volgens die Gees te lewe. En mag dit vir ons, vanaand, 'n teregwysing wees en 'n gereedmaak vir die Koms van die Seun van God.

28 Vergewe die sondes wat vandag onder ons gedoen is, God. En inspireer die predikers wat in ons midde is vanaand om nuwe moed te skep. Gee ons al U Goddelike seëninge, Vader, soos ons onsself aan U onderwerp vir die gehoor van U Woord, en mag ons gemeenskap hê rondom Dieselfde. Want ons vra dit, in Jesus' Naam, U Seun. Amen.

29 Ek wil 'n teksie neem, wat ek net gedink het om iets anders te preek, maar dit het pas in my hart opgekom, 'n ruk gelede, Daniël 5:25:

En dit is die betekenis van die skrif . . ., MENÉ, MENÉ, TEKÉL, UFARSÍN.

30 Ons open ons teks vanaand in Babilon. En ons het dit onder oorweging vir net 'n rukkie. En as julle my julle aandag sal gee, en julle harte aan die Heilige Gees, mag Hy dit vir ons interpreteer: *Die Teken Van Die Tyd.*

31 Babilon het begin in die begin van die Bybel. Génesis is die begin van alle dinge. En Babilon is gevind in die eerste van die Bybel, en dit word in die middel van die Bybel gevind, en dit word gevind in die laaste van die Bybel. So ek dink dit sal ons goed doen as ons teruggaan en uitvind waar hierdie groot stad, hoe dit gevestig is, en waar dit geleë is, en 'n paar dinge daarvan, sodat ons 'n—'n idee kan kry van wat ons teks en voorlesing vanaand beteken.

32 Babilon is geleë in die vallei van Sinar, en dit is gebou deur Nimrod, 'n seun van Gam. En die Babilon, die stad van Babilon, was die grootste stad in die bekende wêreld. Die woord *Babilon*, beteken eerstens dit was "die poorte van die paradys." Tweedens, is dit genoem, *verwarring*, wat beteken "afvallig." En die stad was 'n groot plek, al die nasies rondom het belasting daaraan betaal, almal van hulle is belas deur Babilon. En dit het 'n baie bose en onverskillige stad geword.

33 Daar word vir ons vertel deur historici, dat dit honderd-en-twintig myl om die stad van Babilon was, dit sou dit dertig myl aan elke kant maak. En die strate deur Babilon was... Gewoonlik in die vergange dae, het hulle nie groot, breë strate gemaak nie, hulle het hulle nou gemaak. Soos in Oslo, nie lank gelede nie, het ek afgegaan na die hoofdeel van die stad, en dit was so eng dat 'n outomobiel skaars sy pad kon deurdruk, want dit is gemaak vir strydwaens voor hulle motors gehad het. En daar word vir ons vertel dat die strate van Babilon tweehonderd voet breed was, en die poorte van die stad was tagtig voet hoog gemaak, van soliede koper, en die mure tweehonderd voet lank was, en was wyd genoeg bo-op, dat hulle drie strydwaens langs mekaar kon ry, 'n perdewedren, om die stad.

34 En dit was ook die groot stad wat tuine gehad het, groot tuine al langs hierdie mure. En die paleis het in die middel van die stad gesit, en elke straat het reguit na die paleis toe gelei; Rome is op dieselfde manier gebou, dit is genoem deur ons Bybel, moderne Babilon. En alle paaie lei na Rome; alle strate het na die paleis toe gelei.

35 En die paleis is gebou waar die Eufraatrivier, wat hierdie groot Sinearvallei besproei het, afgekom het vanaf die Tigris, en—en die vallei besproei het, dit was 'n groot, ryk land gewees. En hierdie rivier is gebou, of die troon is gebou, liewer, sodat die rivier reg voor die troon verbygeloop het.

36 Nou, as my vriende hier, julle Bybellesers, verstaan dat dit 'n patroon van die Hemelse troon was, vloei die Rivier van die Lewe verby die Troon van God in die groot tuin. So, julle sien, dit was 'n verdraaide weergawe van die Heerlikheid. Dit het behoort, en is gebou, en—en het ontstaan deur Satan, soos alle ander koninkryke van die wêreld beheer en regeer word deur Satan.

37 Nou, ons weet dat dit vir ons moeilik is om te glo dat ons nasie dit is, maar die Bybel het gesê dat dit is. Al die koninkryke van die wêreld behoort aan die duiwel, hy's hulle heerser. Jesus, kyk toe Satan vir Hom die koninkryke van die wêreld gewys, en gesê het, Satan gesê het: "Hulle is almal myne, ek doen met hulle wat ek ook al wil. As u sal neerval en my aanbid, sal ek hulle vir u gee."

38 Jesus het geweet dat Hy hulle sou beërf in die Millennium, so Hy het gesê: "Gaan weg agter My, Satan."

39 Wanneer Jesus hierdie koninkryke oorneem, sal ons wapens bêre, en nooit weer oorloë hê nie. Ons sal geen gevegte of probleme, en geen siekte, droefheid, of dood, meer hê, wanneer Christus die koninkryke van hierdie wêreld oorneem om op Sy vader Dawid se troon te sit, om alle nasies te regeer. Tot dan gaan ons oorloë hê, en gerugte van oorloë, pessiekte, en aardbewings, en siekte, en droefheid, en sonde.

40 Maar hierdie groot stad, en dit was 'n groot stad, dit het gehad, daar was 'n baie mooi tipe in van die wêreld vandag, want dit het die grootste wetenskaplikes gehad wat daar in die wêreld was, was in hierdie stad, die grootste leër wat hulle in die wêreld geken het, was in hierdie stad, die bes-gevoede en bes-geklede mense bekend in die wêreld, was in hierdie stad. En al die res van die bekende wêreld in daardie dae het na daardie stad gekyk vir hulle voorbeeld.

41 As dit nie moderne Amerika is nie, weet ek nie wat is nie, die beste wetenskaplikes, soos ons dink, bes-geklede mense. En nie net dit nie, maar hulle boerdery program, hulle het die beste gehad, want daar's niks in die hele wêreld vandag om nou met daardie vallei te vergelyk nie, jy kan byna enigiets daar kweek, perfekte besproeiing. Hulle sê dat die tuin van Eden daar naby geleë was. En dit was 'n—'n groot stad. En dis vreemd dat wanneer God iets vir mense gaan doen, dan raak hulle onverskillig teenoor God.

42 Ek glo dit was Salomo, wel, ek dink skaars dit was Salomo, dit was . . . dit mag gewees het, wat een van die grootste gebede gebid het toe hy so gebid het: "Here, maak my nie arm genoeg om te smeek of te steel nie, en maak my nie ryk genoeg om U te vergeet nie, laat my net die gemak van die lewe hê." En wanneer ons meer as dit kry, begin ons wegkom van God, nege uit tien. En toe die nasies van die wêreld groot geword het, en selfonderhoudend geraak het, dink hulle, het hulle begin wegbeweeg van God af.

43 Toe mense begin vermeerder het op die aarde, het sonde en geweld begin. Party van julle mense wat hier woon, in hierdie pragtige stadjie waar julle woon, sou dit moeilik wees vir my om julle die sonde en so, te vertel, wat in hierdie groot stede is soos Chicago, New York, en Los Angeles.

44 Het onlangs oor Los Angeles gevlieg, ek het 'n koerant geneem wat die lugwaardin my in die vliegtuig gegee het, en ek het gesien dat daar elke aand 'n honderd vyf-en-tagtig groot misdade gedoen word in die stad van Los Angeles. 'n Honderd vyf-en-tagtig groot misdade! En onsedelikheid is vryelik. En hulle sê dat verdraaidheid, homoseksueel, sestig persent toegeneem het teenoor verlede jaar. Dink daaraan! En dit dan weeg met wat God gesê het: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

45 En moeders skryf vir my briewe van hulle seuns wat so goddeloos gelewe het in hulle jong lewens, en hierdie tiener rampokkers, totdat hulle natuurlike liggame, ensovoorts, besoedel en verdraaid is, totdat hulle saam met mekaar woon, hotelkamers en plekke. Julle besef net nie, mense, in watter toestand hierdie plek is, dis 'n miljoen keer erger as wat jy jou net kan voorstel; julle kry dit nie op die radio en in die koerant nie, beslis nie. Jy moet dit gaan sien om dit te verstaan. En wat doen dit?

46 Ons was in Switserland net onlangs in 'n diens, en sulke onverskillige mense wat ek nog nooit gesien het nie. O, hulle was baie godsdienstig, op Sondagoggend sou jy dink die Millennium was aan die gang, die klokke lui oral vir ure, maar vere met skêre sny, en mekaar betower, en selfsugtig, en onverskillig.

47 Toe ek die volgende oggend die koerant opgetel het na Billy Graham se diens, hy het dit beëindig op Saterdag, en ek het dieselfde plek begin op Sondag, en hulle het gesê dat hulle—gesê hulle het nie vir hom gevra om te kom nie, gesê hy moes in die beste hotel bly wat daar in die stad was, gesê hy het na die preekstoel toe gegaan soos om na 'n orkes toe te gaan, in plaas van die preekstoel, nie 'n plooi in sy klere nie. En hy het 'n manikuur in sy hare gesit, of wat ook al daardie goed is, dit in sy hare gesit. En gesê hy het dinge gesê soos 'n fantastiese, Amerikaner, seepverkoopsman. En gesê, die parfuum op hom, jy kon hom tien voet ver ruik.

48 Ek het geweet ek is verseker, wat hulle van my sou sê. En dit was erger as dit, hulle het gesê ek was 'n gladde waarsêer. Hoekom? Dis die toestand van 'n—'n volk wat 'n punt bereik waar hulle in weelde kan woon. Hulle het nie 'n oorlog gehad sedert Arnold von Winkelried se tyd nie. En die grens oorsteek na Duitsland waar hulle verslaan is op die grond, hulle het nederig gekruip gekom, hulle was gereed.

49 Besoek by Finland, waar die seuntjie opgewek is uit die dood, selfs hulle liedere is in minsaamheid, lieflik, gewillig om Christus te ontvang, want hulle is vernietig waar Hitler daardie hele klomp manne met 'n masjiengeweer geskiet het, die hele volk afgesny binne omtrent vier-en-twintig uur. Skares mense op die straat, almal jonk, weduwee vroue. Alles was opreg.

50 Dan reguit terugkom in Swede in, o, onverskillig. Verskoon die uitdrukking, maar die Amerikaanse uitdrukking is *windmakerig*. "Kom net van die straat af." O, groot danse op die straat, en alles, heelnag lank, amper. Daar het julle dit, wanneer jy vooruitgaan, vergeet jy van God, dis net die neiging van die land. En dis dieselfde ding wat hier in Babilon plaasgevind het.

51 Hoewel hulle anders geweet het omdat hulle 'n herlewing gehad het 'n lang tyd voor dit, onder Koning Nebukadnésar, hulle het 'n bonatuurlike bediening daaronder in Babilon gehad, dae tevore, so het ons, en hulle het tekens en wonders onder hulle gehad. God het drie seuns uit die vuuroond verlos een oggend; hulle het 'n profeet in die leeukuil gegooi, en die leeus wou hom nie vreet nie. Hulle het geweet van die bonatuurlike, hulle het geweet van God, maar hulle was onbesorg, want hulle het selfgesentreerd gevoel, selfvoldaan.

52 En dis omtrent waar ons vandag gekom het, selfvoldaan, ons het nie enigiets anders nodig nie. O, die Bybel het gesê: "Jy is ellendig, beklaenswaardig, blind, arm, en naak, en weet dit nie," in hierdie eeu waarin ons nou lewe.

53 Nou let op, in hierdie tyd van hierdie yslike groot, hoë mure, kon geen volk oor daardie mure kom nie, hulle was heeltemal verskans, behalwe dit, hulle het die grootste leër in die wêreld gehad, en hulle het die beste strydwaens gehad, en hulle het hulle beste spiesgooiers gehad, die bes-opgeleide manne, so hulle het gevoel asof hulle net op enige manier kon lewe wat hulle wou. En dit het die toestand van hierdie volk geword.

54 Nou onthou, ek's. . . Ek is lief vir hierdie volk, dis my land. Toe ek deur Frankryk en Duitsland gegaan het, het ek oor die grafte van dooie Branhams geloop wat gesterf het vir hierdie land. Dis die grootste land in die wêreld, maar sy het 'n skudding nodig. En maak nie saak wat ons doen nie, God gaan hierdie volk oordeel, 'n regverdige God sou dit moes doen. Hy het Sodom en Gomorra verbrand vir dieselfde sondes wat ons nou doen, en as Hy ons laat wegkom, om 'n regverdige God te wees, sou Hy Sodom en Gomorra moes opwek, en verskoning vra dat hulle verbrand is as ons daarmee wegkom.

55 O, julle sê: "Maar ons voorvaders, hulle het *so-en-so* gemaak."

56 Wel wat van die Jode, toe God vir hulle gesê het hulle was Sy volk en Sy mense? Maar toe hulle uit lyn gekom het, het God die Jode gestraf; en die Heidene sal dieselfde kry, dit kom daarby uit.

57 Nou hou die Skrifte dop soos ons na Hulle toe kom, mag die Heilige Gees Hulle ontvou.

58 Nou, in hierdie groot stad het hulle baie gefuif, en goddelose lewenswyse gehad, vroue, en prostitute wat byvroue genoem word, 'n prostituut, Hollywood meisies, en hulle het dit alles destyds daar in daardie dae gehad.

59 En eendag het hulle gehad . . . Hulle koning was ’n groot swierbol, of baie goeie Elvis Presley, en hy het besluit dat hy een aand ’n groot ruk-en-rol partytjie sou hou, en hy het alles gereedgemaak, so hy het net uitnodigings uitgestuur na die hooggeplaastes van sy koninkryk toe, want hy het gesê: “Niks kan ons pla nie. O, daardie ou ouderwetse verhale wat hulle ons vertel van sekere dinge: onsin. “Laat ons eet, drink, en vrolik wees. Laat ons ’n lekker tyd hê, ons is modern, ons moet modern lewe.”

60 Wanneer jy modern lewe, sal jy vergaan. Kyk na ons moderne dag en vergelyk dit daarmee.

61 En so het hy gesê: “Ons sal ’n groot partytjie hou,” in een van hierdie groot tuine wat hy gehad het. So ek kan my voorstel hy maak alles gereed, hy het dit gemaak soos ’n regte moderne televisie uitsending. So hy het agter die paleis gekom, en hy het die uitnodigings uitgestuur, en al die jong dames en jong moeders, hulle het iemand gekry om hulle babas op te pas, want hulle is uitgenooi na hierdie partytjie toe, en al die soldate sou daar wees, hulle sou ’n wonderlike tyd hê, net soos moderne Amerika.

62 En so kan ek my voorstel hulle hulle klein, lae nek-middelstukke en lae rûe kry, en jy weet, soos hulle na hierdie partytjies toe gaan, hulle noem dit aandrokke, of wat-ook-al.

63 Julle weet, eenkeer in die Baptiste kerk het ek gepreek, en ek het altyd . . . Ek het ’n stukkie papier gekry wat ek moes gebring het, ek—ek dink dit was uit *Reader’s Digest*, dit het gesê dat ’n vrou wat haar klere op straat so sal uittrek voor ’n man, die hele vroulike geslag onteer. Dis reg, dit verneder hulle. Geen wonder hulle het geen respek meer nie, hulle het dit oor hulleself gebring, hulleself aangetrek in swemklere, en kry ’n sonbrandrug, noem hulle dit.

64 Ek het twee dogters, ek weet nie of ek sal lewe of nie, dis vir God, as hulle hulleself ooit op ’n strand uitstrek vir ’n sonbrand, sal hulle ’n sonbrand kry, dit sal nie van *daardie* son wees nie, maar dit sal van Mnr. Branham se seun wees, met ’n vaatjieplank, wat hulle inbring net so hard as wat ek kan. O, dis ’n skande om te dink dat ons volk besoedel is!

65 En hier in hierdie groot dag, het hulle gereedgemaak vir die groot partytjie wat hulle sou hou. En hulle het gereedgemaak, en al die whisky gekry, en die Oertels ’92, of wat hulle ook al in daardie dae gehad het, en dit oorgebring na die plek in die paleis. En hulle sou ’n yslike groot dans hê waar: “Dis net ’n bietjie onskuldige pret.” Sekerlik.

66 So nou het hulle oorkant in hierdie plek gekom, en die aandligte het begin brand, en hulle het die kerse aangesteek rondom, en hulle het almal begin drink en tekere gaan en ’n lekker tyd gehad, en die musiek het gespeel en die dans het

aangegaan, en hulle het 'n wonderlike tyd gehad. En nadat hulle 'n bietjie gedrink het, en die vroue soort van wanordelik geraak het, en nie omgegee het wat die mans gedoen het nie, hulle het rondgehang op die arms van hierdie dronk soldate, en miskien iemand by die huis, wat na hulle babatjie kyk.

67 Julle sê: "Dit was ver terug in heidense land."

68 Dis hier in die Verenigde State. Is beslis. En hulle sou . . . Pa wat by die huis sit en die baba wieg, terwyl sy vrou, as 'n pragtige vrou, uitgenooi is na die partytjie, en hy 'n kinderoppasser geword het. Miskien was dit omgekeerd: Pa was 'n gewilde plesiersoeker, so hy is uitgenooi, en mamma het tuis gebly en na die baba gekyk. Dis 'n verdorwe . . . Sonde is verskriklik! Dis waar, beide manlik en vroulik, een is net so skuldig soos die ander.

69 En toe die partytjie in goeie swang was, en al die blink versierings, en die moderne Arthur Godfrey het sy grappies begin vertel, julle weet, so hy het 'n wonderlike tyd gehad. En die vroue wat sing en aangaan, hulle het gedink hulle was veilig, hulle het alles gehad wat hulle nodig gehad het, hulle was selfonderhoudend. So julle weet hoe hierdie Hollywood-kêrels hierdie grappe probeer maak, dis 'n skande dat hulle nie daardie programme sensuur nie. Neem daardie dogtertjies nie twaalf jaar oud buite op die strate nie, en die seuns met hulle arms om hulle, sigarette rook, in die straat afloop, een of ander ou prostituut probeer naboots uit Hollywood!

70 En die kinders van hierdie Verenigde State van Amerika kan julle meer vertel van Wyatt Earp as wat hulle kon van Jesus Christus; kan hulle jou meer vertel van David Crockett as wat hulle kan van Jesus Christus. Hulle word geleer en opgelei, en noem dit modern! Dis 'n skande vir ons einste erfenis van ons voorvaders wat op Pilgrim Rock geland en hierdie as 'n volk geplaas het; dis 'n skande vir die God van die Hemel, Wat ons geseën het.

71 Wat laat die mense optree soos hulle maak? Hulle sien dit op die televisie, in die vertonings, in die koerante, ensovoorts, en probeer naboots. Laat my in julle huis ingaan, laat ek sien wat julle lees, luister na watter soort musiek julle luister, ek kan jou sê waarvan jy gemaak is. Wat aan die binnekant van jou is, dit sal uitkom.

72 Ek het gepreek by die, ons tabernakel, 'n tyd gelede, en, o, die Heilige Gees het in die diens ingekom, en 'n vrou het begin huil met haar hande op. En 'n paar dae daarna, het ek 'n Sondagskoolonderwyser van die Eerste Baptiste Kerk ontmoet, hy het gesê: "Billy, ek het buite gestaan," (Hulle hou nie te veel van my nie, want ek preek Goddelike genesing, ek preek die volle Evangelie, wat Christus gesterf het, 'n volle Evangelie, die volle verlossing.), en hy het gesê: "Ek het jou Boodskap geniet totdat

daardie vrou begin huil het," en hy het gesê: "dit het net rillings teen my rug laat opgaan."

73 Ek het gesê: "Jy bedoel daardie dierbare, heilige, ou moeder wat daaragter sit en huil het, en dit het rillings teen jou rug laat opgaan toe sy verheug was in die Gees? As jy ooit in die Hemel kom, sou jy doodvries, seun, julle gaan baie daarvan hoor wanneer ons daar kom, want die Bybel het so gesê."

74 Toe het hy baie opgewonde geraak omdat die Eerste Baptiste Kerk 'n balspan het, en ek het hulle agter my huis hoor skree totdat jy jouself nie kon hoor dink nie. En ek het gesê: "Wat was al daardie geraas daar oorkant?"

Hy het gesê: "Ken jy vir Charlie Nolan?"

Ek het gesê: "Ja."

Hy het gesê: "Hy het 'n boflopie geslaan, en drie manne op die bof."

75 Ek het gesê: "Waaroor was jy so opgewonde? As jy gesê het daardie vrou was 'n holy-roller, dan moet jy 'n unholy-roller wees." Dis reg. Sien? Dit het net so modern geraak, dit het God uitgelaat uit die program.

76 Was altyd, ons presidente het na hulle kantoor toe gegaan met gebed, die kabinet is gelei in gebed. Waar is dit vandag? Ek waardeer ons president wat ons het, ek's nóg Demokraat nóg Republikein, maar, ek's 'n Christen, maar, ek waardeer Mnr. Eisenhower, maar plaas jy 'n Mnr. Eisenhower in elke distrik in hierdie volk, dit sal nooit regruk nie, ons is koppig en op pad na die oordele. Ons het die lyn oorgesteek tussen genade en oordeel, ons is op pad daarna, so het hulle. Hulle het van beter geweet, so het ons.

77 Maar hulle het 'n klomp predikers daarrond gekry wat gesê het daardie dinge het saam met die oupa teruggegaan, Nebukadnésar, lank gelede. En toe terwyl hulle in hierdie yslike groot aanganery was, ruk-en-rol, en hulle 'n lekker tyd gehad het, julle weet, hierdie moderne, Hollywood-seun, julle weet, soos Pea-Picker Ernie, wat hulle daarbo het, en hy wou 'n grap maak, so hy wou 'n grap oor godsdiens maak, julle weet: "die bles-kop prediker," of—of iets van daardie aard, wat een of ander soort vuil grap maak, so hy het gegaan en die heilige voorwerpe geneem (Wat, jy is nou die voorwerp van die Here.), om 'n grap daarmee te maak, en hy het gesê: "Ons sal daardie dinge gaan haal en bietjie wyn daaruit drink."

78 Het julle al ooit gesien mense wil net slim optree? Is ons Amerikaanse land nie net so nie? Spoeg op jou voet net om vir jou te wys hulle kan dit doen. Rookwolkie maak, en jy praat van: "Dis verkeerd vir jou om te rook," dan sal hulle jou vra, sê: "Haai, jy die prediker wat preek teen rook? Hoe hou jy hiervan? *Sjoe!*" Lyk asof . . . Julle gaan spoedig genoeg brand.

79 As God wou hê jy moet rook, sou Hy 'n skoorsteen bo-op jou laat lê het, of *so-iets*, jou 'n skoorsteen gegee het. Jy is nie daarvoor gemaak nie, dis 'n onkruid van die duiwel. Let dan op, en baie van julle predikers gebruik dit, skaam julle! As jy nie 'n mooi voorbeeld vir Christelikheid is nie: sigarette rook! En julle diakens wat sigarette rook, drie of vier keer getroud, en dan 'n diaken in die huis van die lewende God, as dit nie skandelik is nie! Geen wonder ons is in chaos nie, geen wonder die vroue dra slenterrokke en kortbroeke, en sulke dinge nie, wanneer julle predikers en diakens soos daardie het. Uh-huh. Dis 'n etekaartjie, in plaas van 'n opdrag van God af.

80 Let op, en toe hy pas almal van hulle gekry het, die vroue wat oorkant op die soldate se rûe lê, en hulle het hierdie danspassie gedoen, wat ons noem daar in die weste 'n *opskop*, almal 'n lekker tyd gehad, dit rondgeskop. Hulle is almal verskans, niks kon hulle pla nie, hulle is agter groot mure.

81 En ek kan hierdie moderne grapmaker sien opstaan, julle weet, op die televisie-uitsending en gaan om 'n goeie, godsdienstige grap te kry, wat hierdie houer uit die huis van die Here gehad het om dit te bespot, dit vol wyn gegooi, en net toe hy begin drink het, het hy gekyk, daar was toe nou Iemand wat bo-oor die muur kan kom, hy het 'n Man se hand opgelet oorkant waar die groot kerse sy lig op die pleister geflikker het, 'n boodskap daaroor geskryf, dat hy nog nooit sulke geskrifte gesien het nie. So ek kan my voorstel soos hy begin drink en hy dit sien, sy oë uitpeul, sy knieë teen mekaar, en hy's regtig uitmekaar geskud, hy is beslis, daardie moderne Elvis.

82 Die Bybel het gesê dat sy knieë teen mekaar geklap het, en sy bene gelyk het asof hulle uitmekaar uit val. Dit sal 'n skuddingstyd wees, goed, een van hierdie dae, kyk net, dis nie te ver weg nie. En hy was toe regtig geskud.

83 En voor jy jou kom kry, het een of ander klein, geverfde-gesig Isébel omgekyk, gesê: "Wat makeer?" En toe is sy heeltemal geskud.

84 En toe het hy gedink: "Wel nou, wag 'n bietjie, niemand kan in die poort inkom nie, die wagte is by die poort. Niemand kan oor die muur kom nie, ons het die muur belig." Maar God kan afkyk. God haat sonde, Hy het die sondaar lief, maar Hy haat die sonde; Hy het Amerika lief, maar Hy haat haar sonde; Hy het Sy kerk lief, maar Hy haat die sonde in die kerk. En dit het nie verander nie, gees sterf nie, dieselfde geeste wat in daardie mense was, is in hierdie mense vandag. Die duiwel neem sy man, maar nooit sy gees nie; God neem Sy man, maar nooit Sy Gees nie.

85 Julle onthou die Gees wat op Elía was, het op Elisa gekom, toe op Johannes die Doper. Die Heilige Gees op Christus het afgekom, toe het daardie Fariseërs en leraars van Jesus se dag,

kyk na hulle vandag; kyk terug daar in Babilon, na daardie Heidene, kyk na hierdie Heidene se gedrag vandag. Word wakker voor dit te laat is om wakker te word; ek's bevrees dit is. Daar het julle dit.

86 "En ons het nog nooit so-iets gesien nie." O, hy het gesê: "Roep al die distrikspresbiters, al die pastore, en die biskoppe, en die kardinale, en die pous, kry hulle almal hierbuite, hierdie geestelike manne sal dit verstaan."

87 En toe hy gegaan het en al die biskoppe, en die kardinale, die pastore, en die pous, gekry het, en hulle almal daarbuite gekry het, hulle het niks geweet van onbekende tale, van geestelike dinge nie. Hulle het nog nooit van so-iets gehoor nie, nog nooit so 'n taal gehoor nie. "Wel," het hulle gesê: "ons weet niks van daardie dinge af nie." Enigste ding wat hulle geweet het, was hulle geloofsbelydenisse, en hulle gebedsboeke, en hulle teologie.

88 As dit nie 'n patroon van die Amerikaanse kerk vandag is nie, weet ek dit nie. Hulle weet niks van die bonatuurlike nie, hulle gee niks om vir die bonatuurlike nie, hulle glo nie in die bonatuurlike nie. Die enigste ding wat hulle weet, dat hulle Presbiteriaans, Baptis, Metodis, Pinkster, ensovoorts is, dis al wat hulle weet.

89 Weet partymaal nie meer van God as wat 'n Hottentot sou weet van 'n Egiptiese nag nie. En dis hoe dit staan. Soos dit toe was, so is dit nou. Maar ons dink ons is veilig solank ons Baptis is; ek sal praat van my eie kerk, ek reken dis in die haak. "Solank ons Baptis is, is ons reg." Jy's nie reg totdat jy wedergebore is nie, jy kan by al die Baptiste kerke in die wêreld aansluit, en hel toe gaan soos 'n martin na sy nes toe, en enige van die res van hulle.

90 En let nou op wat gebeur het, en al hierdie biskoppe, en kardinale, ensovoorts, hulle kon nie verstaan wat die bonatuurlike was nie, so toe is hulle heeltemal geskud, hulle almal was, hulle het nie geweet wat om te doen nie. Daar het iets bonatuurliks plaasgevind en niemand het die antwoord gehad nie. Geseënd sy die Here God!

91 Dieselfde ding vind plaas, en hulle het nie die antwoord nie, daar is 'n handskrif teen die muur, en hulle het nie die antwoord nie, die volk is heeltemal geskud. Ons het gedink ons het die beste wetenskaplikes gehad, ons het gedink ons het die beste alles gehad, maar daar's amper 'n twee-ton sputnik wat in hierdie plek sirkel vanaand, en ons weet niks daarvan nie.

92 Wat het Billy Graham gesê net die laaste paar weke? "Daar is nie een ding wat ons weerhou daarvan om Rusland se satelliet te wees in die oggend nie, niks nie." Hulle is so ver voor ons dat dit 'n skande is.

93 Wat sê ware wetenskaplikes daarvan? Sien hulle in onderhoude nou die dag, gesê: "Moet ons die mense ontstel, of moet ons dit net vir onsself hou? Wat wil jy daarvan sê?"

Hy het gesê: "Daar's nie 'n ding om te keer dat hulle dit doen nie." Hulle wil ons nie al hulle geheime laat weet nie. En, maar party wat satelliete daarbo het, kon gaan . . . Wat sou dit vanaand verhinder vir omtrent ses van hulle om op te gaan, en reguit oor die Verenigde State te kom, en te sê, met hierdie waterstofwapens (Ons kon nie by hulle uitkom nie.), sê: "Goed, gee oor, of word as"? Wat sou gebeur? Dit kan voor die oggend gebeur. Dit sou nie verskil van die Bybel nie, dit sou die Bybel vervul; die nasies is gereed daarvoor.

94 Handskrif is nie nou aan die muur nie, maar dis in die lug waar Jesus gesê het dit sou wees: "Daar sal tekens bo in die hemele wees, mense se harte wat beswyk, benoudheid van . . . van nasies, verwarrende tye, die see wat dreun." Nooit in al die geskiedenis van die wêreld was daar vloedgolwe soos wat ons nou het nie; kyk na Chicago verlede Sondag en oral op-en-af met die kus. Verwarrende tye, spanning tussen die nasies, die handskrif teen die muur, en die terugkeer en die krag van die Heilige Gees na die Kerk.

95 Die profeet het gesê daar sal 'n dag wees, luister nou mooi, moet dit nie mis nie, die profeet het gesê daar sou 'n dag kom wat dit nie nag of dag sou wees nie, maar in die aandtyd, sou dit Lig wees. Hoe beweeg die beskawing? Van die ooste na die weste, altyd. China is die oudste beskawing; ons het alreeds gekom na waar die Ooste en Weste ontmoet. Wens ons het nog 'n paar dae gehad wat ek graag daaroor sou wou preek: *Wanneer Die Ooste En Weste Ontmoet*.

96 Hoe het die beskawing en Christendom begin op die oosterse land? Deur die uitstorting van die Heilige Gees, die verskyning van die Here Jesus, tekens en wonders wat plaasvind, toe het die Ligte uitgegaan. Dit was 'n dag van somber, nóg nag nóg dag. Wat is dit? Genoeg om te sê daar was 'n Bybel, wat dit leer as 'n historiese Ding, iets wat destyds daar gebeur het, maar geen krag nie, net sodat hulle by die kerk kan aansluit en dis dit, dis net somber, hulle het nie genoeg Lig nie. Maar wanneer die son ondergaan in die Weste, het Hy belowe dat Hy dieselfde Lig sou skyn op die Westerse mense wat Hy op die Oostelike geskyn het.

97 O, dis hier, die Here God het gekom in die krag van die Heilige Gees, en Hy wys dieselfde tekens en wonders wat Hy gewys het op die oosterse mense tweeduisend jaar gelede. Sy was somber en donker, maar in die aand, sal dit Lig word, teen die endtyd.

98 "En in daardie dae sal die strydwaens langs die breë paaie raas." Mans se harte beswyk. Meer hartsiekte . . . Wat? Dis nie vroue nie, mans; Hy het nooit vroue se harte gesê nie, mans se harte. O, wetenskap en versekeringsmaatskappye sê dis negentig persent manne. Mans se harte beswyk, 'n teken, 'n pen.

99 "Vreeslike gesigte in die hemele daarbo," sputniks. O, ons het gedink ons het 'n . . . net so veilig as wat ons kan wees, so ons gee

pad vir moderne ruk-en-rol, en sonde, en aanganery, en verlustig aan die dinge van die wêreld, en laat die kerk met rus, by die huis bly op Woensdagaand om te sien, *Ons Is Lief Vir Susie*, die televisies en dinge, en die kerk laat sit sonder enigiets.

100 En die outydse pastoor uitjaag, en 'n klein, krul-kop, Hollywood-rot daarin sit, wat niks meer van God af weet as wat 'n konyn van sneeuskoene weet nie, en sit hom daarin en noem hom julle pastoor, so-iets verkies soos dit. Wat ons vandag nodig het, is die outydse, helse vuur, en swawel prediker agter in die preekstoel om die Evangelie kaalhand te hanteer, swart, swart, en wit, wit te noem. Ons het godsdiens te lank gespeel, Bybel het dit gesê. Julle mag my dalk nie so liefhê hierna nie, maar by die Oordeelsbank, kyk wat reg en verkeerd is, hierdie kom van die Woord af.

101 Kyk nou, o, hy was heeltemal ontsteld. En die biskoppe is heeltemal geskud, hulle weet nie wat om te doen nie, hulle kan nie—hulle kan nie . . . het . . . het nie 'n antwoord hiervoor nie. En hulle het ook nie gehad nie. Hulle kan dit nie doen nie, want hulle het geweet dat daar 'n God van die Hemel was.

102 Toe, terwyl dit alles aan die gang was, het julle opgelet op daardie tyd, het die koninginnetjie in die banketsaal ingehardloop gekom? Sy was nie by die ruk-en-rol partytjie nie, sy mag iewers gebid het, en sy het ingehardloop gekom, sy het nie aan hulle sonde deelgeneem nie, en sy het ingehardloop gekom, en sy het gesê: "O, Koning, lewe vir ewig!" Sy het geweet hy sou doodgemaak word oor 'n rukkie, maar sy het hom eerbiedig. "Ja, Biskop! Ja, Eerwaarde! Ja, Doktor!" Dis in orde om te eerbiedig, maar die tyd is op hande. Sy het gesê: "O, Koning, lewe vir ewig!" Sy het gesê: "Moenie ontsteld raak nie, want daar is 'n man in jou koninkryk wat die bonatuurlike verstaan, wat daardie tale kon uitlê, daar."

103 Geseënd sy die Here! Daar is 'n Man vandag, daardie Man is Jesus, daar is 'n Man wat die bonatuurlike verstaan, daar is 'n Man wat hierdie eeu waarin ons lewe kan interpreteer, daar's 'n Man in ons midde wat die antwoord op hierdie vrae het: die Here Jesus.

104 "Daar is 'n man," het hy gesê . . . het sy gesê: "wat 'n uitnemende gees het, die Gees van God is binne-in hom, en hy kan verstaan, want hy het openbaring en uitleg, en hy sal dit verstaan."

105 En hulle het gesê: "Stuur iemand en gaan haal hierdie man." Te laat toe, hulle moes na daardie man geluister het voor hierdie gebeur het. "Stuur iemand en gaan haal die man, en laat ons sien wat hy sal sê."

106 En hulle het iemand gestuur en vir Daniël gaan haal. Nou, hulle was nie blind nie, hulle het reg bo-oor Daniël se lering

geloop, hulle het reg bo-oor sy magtige prediking geloop, en die tekens en wonders wat hy gedoen het, en lewe steeds in sonde.

107 As dit nie moderne Amerika is nie, het ek dit nog nooit gesien, bo-oor die outydse prediker nie: "Gooi hom in die tronk indien nodig, raak ontslae van so 'n ou fanatikus, ons wil hom nie hê nie." Reg bo-oor dit geloop, en hom regtig gehaat, en hom allerhande slegte name genoem, soos holy-roller, of so-iets. "Ons hoef dit nie te verdra nie, ons het 'n kerk wat verstand daarin het." Maar het dit Gees daarin? Die volgende ding.

108 So hulle het bo-oor Daniël se lering geloop, en so het hulle nie geweet wat hierdie dinge was nie.

109 En party van ons predikers het vandag opgehou . . . Ek het 'n artikel gelees, hier nie lank gelede nie. Ek het dit in my plakboek gekry, waar dat die Amerikaanse prediker, hulle 'n ontleding gedoen het oor wie in die letterlike koms van die Here Jesus glo, en agt-en-sewentig persent van die Amerikaanse predikers, het die letterlike terugkeer van die Here Jesus verloën. Babilon! En dit was meer as dit wat die maagdelike geboorte ontken het. Hoe verwag jy om die Kerk van die lewende God te bou op sulke ruïnes en as van Sodom soos daardie? Dit sal nooit werk nie, vriend.

110 Sê: "Waaroor is jy so hard, Broer Branham?"

111 Ek het hiernatoe gekom vir een doel: om 'n fondasie te lê vir 'n herlewing, totdat jy terugkom by die ou kaplyn, sal jy nooit herlewing hê nie. Die kerk moet skoongemaak word en weer oor begin word op 'n fondasie van Christus, die vaste Rots. Alle ander grond en denominasies is sinkende sand wat sal verbygaan, maar ek's bevrees ons is amper te laat, dis in die lug.

112 Wat het Daniël gesê? Wat dink julle het daardie heilige profeet gesê toe hy voor die koning gestaan het, gesê, toe hy gesê het: "Ek sê jou wat ek sal doen, Daniël, ek verstaan dat jy kan uitlê, dat jy vreemde tale kan uitlê, en weer, dat jy openbarings en visioene kan kry, Daniël, as jy net hiernatoe sal kom en 'n herlewing vir ons hou, sal ons jou al die geld gee wat jy wil hê"? En een of ander moderne Daniël sou sommer gou daarvoor geval het.

113 Maar Daniël het gesê: "Hou jou geskenke vir jouself." Daar's 'n man van God. "Jy maak my geen biskop oor hierdie kêrels nie, ek wil geen biskop of doktorsgraad hê nie, ek wil soos Daniël bly, binne die wil van die Here.

114 En as baie van julle predikers sou ophou om soveel klem te probeer plaas op daardie *dokter*, en *biskop*, en *presbiter*, en sulke goed, en terugkom om 'n broer en 'n dienskneg van Christus te wees, Sy Kerk bymekaar te bring, beter te wees. Vere in hoede, wat jy nodig het, is Gees in die hart.

115 En daar was hulle, en hier is ons, die handskrif is aan die muur. Daniël het gesê: "Jy behoort beter te geweet het as hierdie, Koning, jou vader, Nebukadnésar, het daardie soort gees op hom gehad, en jy weet wat God vir hom gedoen het." Maar gesê: "Behalwe dit alles, is jou dae getel."

116 Reg op daardie selfde tyd, waar hulle gedink het hulle was beveilig met al die beste wetenskaplikes, die beste soldate, die beste voetsoldate, die beste alles, die Mede en Perse, 'n goddelose volk, baie myle weg, sê historici vir ons, het die Eufraatrivier ontwyk. Hulle kon nie oor die mure kom nie, beslis nie, hulle kon nie deur hulle gaan nie, maar hulle was gereed vir hulle. En 'n goddelose volk het 'n sloot afgekap, en die Eufraatrivier verbygesteek onder deur die berge, en hierdie klein gaping in twee gesit, en die rivier verbygesteek.

117 En net terwyl daardie vroue in daardie soldate arms, en toe hulle hulle dronk toestand gekry het met al hulle goddelose, wulpse klere aan, en die manne van Babilon, en hulle moderne, Hollywood Elvis Presley's, en al die ruk-en-rolle, reg in die middel van dit alles, het die bonatuurlike op die muur geskryf.

118 Wat het gebeur? Op daardie einste uur het die Mede en Perse klaar die wagte by die hek neergevel, onderdeur die mure gekom waar die rivier loop, gekom en was op die trappe. En al daardie leep-oog vroue, en mans so dronk dat hulle skaars mekaar kon regop hou, en 'n uur daarna, is daardie vroue in die openbaar gemolesteer, reg buite op die straat deur die mans, en doodgemaak, hulle koppe stukkend geslaan, en hulle kinders doodgemaak, en net 'n slagting.

119 Luister, vriende, net nou, terwyl ons was, almal van ons, ons tyd spandeer het om seks ons god te maak, en al ons tyd in Hollywood sit, en al daardie soort onsin, en dit in die kerk inbring, en ons vroue kaal maak, en die Gees wegneem van die kerk, en al hierdie dinge, het Rusland 'n sputnik gereed gekry, en die handskrif is aan die muur, die volk is heeltemal geskud.

120 Uur daarna, soldate daar ingestroom, en hulle stad ingeneem, hulle huise geneem, hulle koning doodgemaak.

121 Wat sou gebeur? Dis reg hierdie einste uur, as die sputnik gestop het oor die State en sê gee oor, wat sou die Pentagon, wat heeltemal geskud is vanaand daaroor, wat sou hulle doen? Julle is . . . Julle hoor die nuus, julle—julle sien die koerante, hulle weet nie wat om te sê oor hierdie dinge nie. Rusland neem vanaand foto's van ons uit 'n sputnik. Hulle weet nie wat om te doen nie. O, sy's heeltemal geskud, is ons nie? Let op, sekerlik, jy meer tyd op God plaas, in plaas van die vuil, verrotte goed wat ons doen, sou dit nie so gewees het nie. Maar julle sien wat gebeur het.

122 Goed. Teen hierdie tyd môre-aand (Hoor my!), is daar niks, nie een ding nie, wat skipvrag ná skipvrag, vlug ná vlug van Russiese soldate reg hier sou hou, hierdie vroue gryp, en hulle

molesteer in die straat, en doen wat hulle wil. Kom in, as hulle van jou huis hou, skop jou daaruit, en dis dit. Wat gaan jy doen? Goddelose, barbaarse manne wat niks van God af weet nie, en nog minder omgee.

123 Julle sê: "God doen dit?"

124 Hy doen dit beslis, volgens Sy Bybel. Hy het 'n sweep wanneer Sy mense nie wil gehoorsaam nie. Daar's niks!

125 Wat sou ons Pentagon doen as Rusland so-iets gedoen het, en sê: "Gee nou oor, of keer tot as." Hulle sou moes oorgee, enigste verstandige ding om te doen, sou wees om oor te gee. Hulle is daarbo, ons kan hulle nie afbring nie. Hulle het hulle gewere op ons, net omtrent drie of vier van daardie bomme, en dit handel die hele ding af. O, sy is heeltemal geskud, broer, suster. Die volk is by 'n, so 'n verskriklike senuweetoestand vanaand, dat hulle nie weet wat om te doen nie. 'n Groot skrywer het nou die dag gesê: "Daar's een draadjie tussen die slimste van ons, en totale kranksinnigheid."

126 "Geweeg in die weegskaal en te lig bevind," 'n Christenvolk, ruk-en-rol, al hierdie goddelose goed wat ons het. Waar is julle geweeg? "Verloën-. . . Wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën, keer julle af van sulkes."

127 O, hulle was godsdienstig, hulle het hulle biskoppe geroep, en kardinale, en alles, hulle was godsdienstig: "Ons is godsdienstig," maar die verkeerde soort godsdiens. *Godsdiens* beteken: "'n bedekking." Jy mag bedek wees deur die Baptiste kerk, Presbiteriaanse, Metodiste, Pinkster, jy moet bedek word deur die Bloed, die Bloed van die Here Jesus, dis die oorspronklike prys. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Christus is hier.

128 Dit was my voorreg omtrent twee jaar gelede, om Indië toe te gaan. Luister goed, hou die handskrif dop. Waar is ons?

129 "Wat gaan gebeur, Broer Branham? Gaan jy ons nie hier laat versuim nie?"

Ja, ek gaan julle sê. Gaan 'n verskriklike ding vir julle wees onder die Bloed uit.

"So, wat gaan dan gebeur, Broer Branham? Ons Christene wat goddelik en vroom gelewe het en God geglo het en alles?"

130 Laat ek vir jou sê, liewe vriend, jy sal weg wees voor daardie tyd kom. As dit . . . Luister, die Bybel leer dat die Kerk weggeraap sal word voor die verdrukking, julle weet dit, almal weet dit. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, en in die dae van Lot, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens."

131 In die dae van Noag, het nie een druppel water uit die hemel geval, totdat Noag in die ark ingegaan het nie; in die dae van Lot, het nie een stukkie Vuur uit die Hemel geval, totdat Lot uit Sodom uitgekom het nie; en nie een bom kan val totdat Sy

geseënde Kerk opgewek en in die Wegraping geneem word om Haar Here te sien nie. En as vernietiging so naby is, hoe naby is die koms van die Here? Dit moet gebeur voor die vernietiging en uitwissing, dit moet gebeur.

132 Kan julle die handskrif teen die muur sien? Hier is ons, die handskrif in die lug, *Ikabod* oor die kerk: "die Gees van die Here het weggegaan." Waar staan ons? Wat is die probleem? Hierdie is 'n verskriklike tyd.

133 Let op, toe ek in Indië ingegaan het, het ek 'n koerant opgetel, aartsbiskop van die Metodiste kerk en baie van hulle, het ons daar ontmoet, ek het 'n koerant opgetel, en het iets daar in Engels geskryf gehad, en dit het gesê: "Dit moet wees dat die—die aardbewings verby is." 'n Paar dae voor die aardbewing gekom het, die groot aardbewing . . . Julle het dit hier gehad, daarvan gehoor, dit het alles van Indië geskud, omtrent twee jaar gelede. Die . . .

134 Indië het nie heinings soos ons het nie, hulle het klipheinings, en yslike groot, hoë torings om die heinings waar hulle woon. En al die beeste staan rondom op die—op die westekant, sodat die—die son nie op hulle sal kom in die dag nie; klein voëltjies bou hulle neste almal in hierdie klein inhamme. Maar 'n dag voor die aardbewing plaasgevind het, het elke voëltjie weggegaan en in die bosse ingegaan. Al die beeste, en skape, en die vee om die groot mure het op-en-af teen die mure gekom en het saam buite in die middel van die veld gestaan. Die aardbewing het getref, en die mure platgeskud.

135 Die God wat vir die voëls en die bye gesê het om in die ark in te gaan, lewe steeds vandag. En as God deur Sy Gees, 'n voëltjie, en 'n skaap, en 'n koei kon laat wegkom van vernietiging, hoeveel te meer sal Dit vir Sy Kerk doen, wanneer ons vernietiging sien kom? My broer, suster, kom weg van hierdie moderne Babilonmure af. Hulle gaan een van hierdie dae val, en julle sal die slagoffer van hulle wees. "Kom daaruit, My volk, en wees julle afgesonder," sê die Here: "en Ek sal julle ontvang. En julle sal seuns en dogters wees vir My; en Ek sal 'n God wees vir julle."

136 Ons is aan die endtyd, die skrif is aan die muur; *Ikabod* oor die kerk: Die Gees van die Here het weggegaan. Die Kerk word gereedgemaak, kom uit, loop afsonderlik, gaan uit, hardloop na die middel van God se verlossing, hou vas aan Christus totdat die uur van Sy toorn verby is. Die tekens en wonders van Sy nabye koms, van die verskyning wat nou naderkom, nou op hande. Sy Gees is reg hier, nou. Ek voel . . .

137 Ek hoop nie julle veroordeel my as 'n fanatikus nie, as ek is, weet ek niks daarvan nie. Ek glo om die dienskneg van die Here God te wees. En na hierdie groot treffende dinge wat ek gesê het omtrent die endtyd . . . Onthou, Jesus het belowe om hier te verskyn aan die einde van die Heidense tydperk, en dieselfde

ding doen wat Hy gedoen het toe Hy Homself voorgestel het aan die Jode. Hoe het Hy dit gedoen? Deur hulle gedagtes te onderskei en te sê waar hulle was en alles van sulke dinge. Dit . . . Was dit reg? Hoeveel weet dis waar? Dit was die laaste teken voor vernietiging.

138 Hier is dit weer vanaand, dieselfde Heilige Gees, dieselfde Jesus in die vorm van die Heilige Gees, met Sy foto geneem, die Vuurkolom, elke wetenskaplike ding soos dit was in daardie dae in Babilon, hier is dit, weer reguit terug, vanaand, ons is aan die endtyd. Hy weet alles van jou af. Glo jy dit?

139 Nou, voor ek julle vra om julle lewe aan Christus oor te gee, daar is geen gebedskaartjies uitgegee nie, Billy het hulle vir twee aande nie uitgegee nie, ons gaan môre-aand, maar ek voel dat God julle wil wys dat Hy teenwoordig is, sodat julle wakker gemaak sal word. Kom weg van die mure van hierdie moderne godsdiens af, mense, kom uit en kry 'n houvas op Christus.

140 Ek sê nie: "Nou, moenie 'n Baptis wees nie. Moenie 'n Metodis wees nie." Wees jy 'n Christen, ek gee nie om na watter kerk toe jy gaan nie, hou jy net reguit vas aan Christus, en hê Hom lief met jou hele hart, totdat Hy die Heilige Gees in jou hart antwoord, dan is jy verseël tot die Dag van jou verlossing.

141 O Here God, Skepper van Hemel en aarde, daar is baie hier vanaand, Here, wat regtig eerbiedige mense is, wat U liefhet en U glo, wat wag vir die koms van die Here, daar mag sommige hier wees wat onverskillig is, sommige hier wat hulle eerste keer hoor. O Ewige en geseënde God, sal U vanaand vir ons die uitermatige, oorvloedige doen, iets doen soos U het nadat U opgestaan het uit die dood, doen dit nou soos U gedoen het voor U gekruisig is. Laat hierdie Gees op ons wees, Here. Maak vanaand soos U het vir die vrou wat die soom van U kleed aangeraak en uitgegaan en in die gehoor gaan sit het, en U het omgedraai, gesê: "Wie het My aangeraak?" Almal van hulle het dit ontken, maar U het gekyk, en U het haar gevind wat daardie siekte gehad het, en vir haar gesê dat haar geloof haar genees het.

142 Dieselfde God wat vir die vrou by die put vertel het, sy het vyf mans gehad . . . Sy het gesê: "Ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy dit doen." Here, U het dit nooit voor die Heidene in U dag gedoen nie. Die Heidene het tweeduisend jaar gehad van hierdie moderne Babilon, maar die handskrif is aan die muur, Here. Wetenskap kan dit sien, elke persoon kan dit sien, koerante, televisies, radio's, alles basuin dit uit, en daar's niks wat ons kan doen nie, dis daar.

143 Ons het Bélsasar se groot ruk-en-rol partytjie gehad, en U het afgekyk en ons sondes gesien, Here, en nou is die oordeel op hande. O Here, laat sondaars vlug na die genade van God. Skenk dit, Here. Mag hierdie boodskappie, ek kan niks daaraan doen nie, Here, ek het nie die krag nie, maar laat U Heilige Gees dit in

mense se harte insink sodat hulle kan sien wat dit regtig beteken. Skenk dit, Vader.

144 Nou, om hulle te laat weet dat U nie gesterf het nie, dat U steeds lewe, die God wat hierdie profesie gemaak het, lewe steeds vanaand en bevestig Sy Woord deur dieselfde tekens wat Hy toe bevestig het, laat dit so wees, Here, ten minste twee of drie in die gebou. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

145 Asseblief, vyf minute nou. Wat is hierdie dinge wat ek sê? Ek neem dit uit God se Woord. Ek's weet dit mag verskil met geloofsbelydenis, ek's nie verantwoordelik vir geloofsbelydenis nie, ek's verantwoordelik vir God se Woord, vir God.

146 "Lewe Hy, Broer Branham? Het ons die versekering dat Hy sal . . . dat ons—ons gered sal word?"

147 Ja, meneer. Hy lewe. Alle ander godsdienste behalwe Christengodsdiens is vals: Boeddha, Mohammedaan. Ek het gestaan met 'n Bybel in een hand, en die Koran in die ander, en tienduisende Mohammedane uitgedaag, sê: "Kom hier, en laat ek hom een belofte sien maak wat waar is. Hy kan dit nie doen nie, want hy's nie God nie, hy's dood en in die graf, maar ons Christus het weer opgestaan, Hy lewe vir ewig. Die Bybel het gesê Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

148 Maak nie saak wat hulle dink van Mohammed wat op sy wit perd kom nie . . . Ek was by sy graf en het die wit perd gesien, en waar Boeddha was wat omtrent drie-en-twintighonderd jaar gelede gesterf het, en al die—daardie dinge. Dis net filosofie, soos Confucius en baie van die ander groot filosowe, maar daar was net een Man wat ooit op aarde gelewe het, gesê het: "Ek het mag om My lewe neer te lê en dit weer op te neem. Kyk, 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien; want Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld. Die werke wat Ek doen, sal julle ook," hierdie dinge belowe.

149 En hier is ons aan die einde. Glo julle ons is aan die einde van die tydperk? Is die handskrif aan die muur? Dan is dit tyd vir Christus om Homself aan Sy Kerk te openbaar. Dis wat Hy doen, net soos Hy . . . As Hy enige ander ding gedoen het, behalwe wat Hy die eerste keer gedoen het, sou Hy verkeerd gedoen het.

150 Wat het Hy vir Petrus gesê? "Jou naam is Simon, jy's die seun van Jona." Hy het Hom geglo.

151 Vir Natánael gesê: "Jy's 'n regverdige en eerlike man."

"Hoe het U my geken?" het hy gesê.

Gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

Hy het gesê: "U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

152 Wat het daardie geleerde, moderne Babilons van daardie dae gesê, die kerklike wêreld? "Hy's Beëlsebub, 'n fortuinverteller." Waar is hulle vanaand? Wees jy die beoordelaar volgens die Skrif. Tog, godsdienstig, heilig, hoogheilig.

153 Wat is *sonde*? Ongeloof. Net een sonde: ongeloof. Maak nie saak hoe skoon jy lewe nie. . . Nou, party van die Hottentotte in Afrika sal julle Amerikaners skaam laat voel vir julleself deur hulle sedes.

154 Luister, in die Shangaanstam van Suid-Afrika, as 'n jong meisie nalaat om te trou wanneer sy, ons weet nie hoe oud sy is nie, maar wanneer sy 'n vrou is, en sy is nie getroud nie, moet sy haar stamverf afhaal en afgaan na die stad na die lokasies, sy's nie meer daar nie, daar's iets verkeerd met haar. En voor sy getroud is, word sy getoets vir haar maagdelikheid. As sy skuldig bevind word, moet sy sê wie die man is wat dit gedoen het, en hulle word albei saam doodgemaak. Wat as ons dit in Amerika gedoen het? Wie sou lewe? Daar het julle dit. Heidene in hulle sedes, is skoner as wat ons is, veronderstel om Christene te wees, heiliger. Laat ons glo.

155 As die Here God sal doen of voor jou oë optree, hier vanaand, die dinge wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, soos Hy het vir die vrou, uitgekyk deur die skare, en iemand genees word, sou julle Hom glo?

156 Nou, as ek gesê het: "Hierdie seun wat hier sit, hy's genees," ek ken hom nie, ek ken nie een van hulle nie, wel, as ek—ek gesê het: "hierdie seun is genees," sou hy die reg hê om dit te betwyfel; maar as die Heilige Gees sal teruggaan en vir hom sê waar sy probleem is, soos Hy het vir die vrou by die put, dan is dit die Heilige Gees. Mag Hy dit skenk. Dan gaan ek julle uitnooi na die altaar.

157 Hoeveel siek mense is daar in die gebou? Steek julle hande op om daardeur te sê: "God, wees genadig en genees my vanaand." Steek julle hande op, oral in die gebou. Goed, julle kan julle hande laat sak. Probeer net 'n begrip kry van waar dit was.

158 Laat ons reg hier ingaan en kyk of die Here God. . . Mag Hy dit skenk, vriende. Onthou, ek's julle broer, dit verg julle geloof, ek het dit aand na aand verduidelik, het dit nie nou nodig nie. Ek wil hê jy moet weet die handskrif is aan die muur, jy sien dit met jou oog. Christus het belowe om hierdie dinge te doen wanneer Hy. . . net voor Sy terugkeer, dis reg, dit getipeer regdeur die Bybel, hier is dit net hier. Sal Hy dit doen? Hy hou altyd Sy Woord, Hy kan nie faal nie.

Laat ons net eerbiedig wees.

159 Ons wag op U, Here, U weet ons doen dit, ons is hulpeloos sonder U. Ons het U nodig, O God. Kom, Here Jesus. Na prediking, die mense ernstig waarsku, wil ek hê U moet U Woord rugsteun, Here, om hulle te laat weet dat ek die waarheid vertel

het, sodat hulle kan sien dat die bonatuurlike hier is, Christus lewe. Skenk dit, Vader.

160 Hier is dit. Daar's 'n man wat daar op die punt van die sitplek sit, en bid, soort van bruinerige pak aan, dra bril, grys in sy hare. Jy het 'n gebed gebid: "Laat dit ek wees." Ek ken jou nie, ken ek? Ek's 'n vreemdeling vir jou. As dit reg is, steek net jou hand op. Die man agter jou het opgestaan; Dis die Lig bokant hom wat ek dophou. Ons het nog nooit in ons lewens ontmoet nie. Daar's iets. . . Jy's bewus dat daar nou iets daarbuite aangaan. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*. Nou daardie Engel, daardie Lig, hang reg bokant die man.

161 As God vir my sal sê waar jou probleem is, net soos Hy het deur Christus, vir die vrou gesê het waar haar probleem was, sal jy dit aanvaar? Glo? Dis iets van bloed. Nee, dit is nie, dis slagaar, slagaarprobleme. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*. Jy's 'n goeie man. Glo jy jy's nou genees? Glo jy? As jy dit glo, wuif jou hand soos *hierdie*.

162 Ek sê julle iets. Glo julle dat ek nou Sy profeet, Sy dienskneg, Christus se dienskneg is?

163 Glo die res van julle dit? Hy het gesê: "As jy die mense jou kan laat glo." Petrus het gesê: "Kyk na ons."

164 Dis jou broer wat langs jou sit. Dis reg. En jou broer het 'n breuk, en hy's doof in sy oor; hy *was*. Die vrou wat gehelp het om hand by te sit: die vrou. Dis sy vrou, korrek. Ja.

165 Jy's—jy's, jy ly aan 'n asmatiese toestand, wat uit jou keel hoes. En julle is albei van buite die stad, julle is van Kanada, en hierdie is die laaste aand wat julle kan wees, jy beplan om huis toe te gaan na vanaand se diens. As dit reg is, wuif jou hand. Glo jy die Here God?

166 Dame, jy het jou kop geknik daar oor iets, wat langs haar sit. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy glo? Goed. Jy het artritis en maagprobleem. Steek jou hand op. Glo jy dit? Dit sal dan verby wees.

Hê geloof in God.

167 Daardie dametjie wat daar sit, sê soort van: "Dank U, Here," soos daardie, iets het haar getref. Sy het 'n ongeneeslike oortoestand gehad. As dit reg is, dame, staan op jou voete. Jy het een gehad, jy het dit nie nou nie. God het jou geseën en jou oorprobleem is genees.

168 Wat het sy gedoen? Sy het my nooit aangeraak nie, sy het die Hoëpriester, Jesus Christus, aangeraak, Hy is hier. Die handskrif is aan die muur vir die sondaar; Christus is hier vir die gelowige. Glo julle Hom?

169 Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig. Hoeveel wil Hom nou ontvang, as julle Verlosser en julle Minnaar? Steek julle hande op na Hom. Sal julle? Sê: "Ek, Here. Ek, Here." Kyk regoor

die gebou, bo in die balkonne. "Ek, Here. Ek weet U is hier. Ek kan die sputniks in die lug sien en weet, die handskrif is aan die muur. Hierdie volk is gedaan, ons is almal gedaan, niks oor nie, glad geen hoop behalwe Christus nie. Ek wil U hê, Christus. Ek's 'n kerklidmaat, maar ek het nie die Gees van God in my hart nie, wees my genadig, God." Steek jou hand op, steek dit op. As jy nou skaam is, mag jy, dit mag te laat wees in die oggend om skaam te wees. Steek jou hand op, sê vir Hom uit jou hart uit: "Ek het U lief, Christus." God seën julle.

170 Wat van die balkonne hier oorkant aan my linkerkant? Steek jou hand op. God seën jou, jongman. God seën jou, jongdame. Agter hierbinne, iemand anders hierlangs? Wat, as jy nou skaam is, wat sal dit wees wanneer Hy kom? Wat . . . ? In die oggend mag jy dalk nooit lewe om te sien, of nog 'n besluit te neem nie, hierdie mag jou finale een wees.

171 Wat van hier oorkant? Kerklidmaat, weet dat jy nie reg is met God nie, of sondaar, sal jy jou hand opsteek, sê: "Wees my genadig, God"? Steek jou hand op na Hom. Hy sal jou hoor. Hy sal . . . God seën jou, seuntjie. Die Bybel het gesê: "'n Kind sal hulle lei."

172 Daar's mense wat hier sit wat oud is in ouderdom, wat net julle hart gesleep het deur ou *Ware Verhaal* tydskrifte, en ongesensorde televisieprogramme, dat jy so modderig, en swart en donker is, dat jou hart nie meer geraak kan word nie, jy het die plek tussen barmhartigheid en oordeel verbygesteek, en daardie klein sagmoedige—moedige seuntjie het sy hand opgesteek soos daardie. Skaam julle! God se Woord, God se oordeel, God se Gees, wat kan Hy nog doen?

Kom ons staan.

173 Ek voel vreemd. Broer, suster, ek doen my uiterste bes, met die hulp van God, om die fondasie te lê, wat julle hier moet doen, as—as daar ooit 'n herlewing gaan tref, enigiets minder . . . As ek ooit een stukkie genade oor sien, is dit julle New England mense, reg, en ek glo . . . as julle glo dat ek Sy dienskneg is.

174 En tensy hierdie kerk gebou is op die Rots van Jesus Christus, met Sy krag, Sy Heilige Gees, Sy heiligmakende Bloed om jou van alle ongeregtigheid te reinig, veg julle teen die wind. Elkeen van julle, vriende, dit neem ons almal saam om hierdie herlewing te bring. Kom ons bid en vra vir God om vir ons 'n regte, outydse herlewing te stuur, Sy Gees uit te stort op New Engeland, en hierdie predikers se harte aan die brand te steek dwarsdeur die land, en diegene te red wat gered kan word. Sal julle saam met my bid? Laat ons ons hande opsteek, terwyl ek die gebed sê.

175 Elkeen van julle, die manier wat julle by julle kerk bid, Baptiste, bid julle, Katoliek, bid julle, Presbiteriaan, bid julle, Pinkster, bid julle.

176 Broer Clagg, lei jy ons.

177 God, ontvang eer, in Jesus' Naam. 

58-0520 Die Teken Van Die Tyd
Stadsaal
Bangor, Maine V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org